GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2014

10710

REKENINGKUNDE

PUNTE: 300
TYD: 3 uur

Bladsye 21 en Antwoordboek
met 20 bladsye

REKENINGKUNDE + ANTWOORDBOEK
1071A

10710A

X10

b.o.

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

REKENINGKUNDE

TYD: 3 uur

PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf om AL die vrae in te beantwoord.
3. Toon bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Bereken tot EEN desimale plek.

VRAAG 1: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Versoenings	**Finansiële rekeningkunde** Versoen 'n bankrekening met die bankstaat Versoen debiteurekontrole met 'n debiteurelys **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer en interne oudit

VRAAG 2: 45 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Vervaardiging	**Bestuursrekeningkunde** Produksiekostestaat Ontleding & vertolking van eenheidskoste en gelykbreekpunt **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer en oudit Etiek

VRAAG 3: 60 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Maatskappy Finansiële State	**Finansiële rekeningkunde** Voorbereiding van 'n Inkomstestaat **Bestuur van hulpbronne** Bateverkoperekening

VRAAG 4: 75 punte; 50 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Kontantvloei en Ontleding van verhoudings	**Finansiële rekeningkunde** Kontantvloeistaat Ontleding & vertolking van finansiële inligting Interne kontrole Etiek & professionele liggame

VRAAG 5: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Kontantbegroting en Interne kontrole	**Bestuursrekeningkunde** Ontleed & vertolk 'n kontantbegroting **Bestuur van hulpbronne** Interne kontrole

VRAAG 6: 30 punte; 15 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Voorraadwaardasie	**Bestuur van hulpbronne** Voorraadwaardasie: EIEU & Geweegde Gemiddelde Interne kontrole

VRAAG 1: VERSOENINGS (50 punte; 30 minute)

1.1 BANKVERSOENING

1.1.1 Beantwoord die volgende vrae:

(a) Waarom is dit nodig om bankversoening aan die einde van elke maand te doen? Gee TWEE redes. (4)

(b) 'n Tjek, gedateer 25 November 2014, is van 'n debiteur ontvang op 25 September 2014. Op watter datum sal dit in die Kontantontvangste-joernaal aangeteken word? (1)

1.1.2 GUALA HANDELAARS

GEVRA:

(a) Bereken die banksaldo van Guala Handelaars op 30 September 2014. Dui aan of die saldo wat jy bereken het gunstig of ongunstig is. Toon ALLE berekeninge. (Jy mag 'n Bankrekening gebruik om jou te help met die berekening.) (12)

(b) Stel die Bankversoeningstaat op 30 September 2014 op. (7)

INLIGTING:

1.

Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 31 Augustus 2014		
Saldo volgens die bankstaat (gunstig)		700
Uitstaande tjeks	Nr. 150	125
	Nr. 158	900
	Nr. 163	600
Uitstaande deposito		825
Saldo volgens die bankrekening		?

2. Die volgende voorlopige totale is uit die kontantjoernale op 30 September 2014 geneem.

Kontantontvangstejoernaal	R14 340
Kontantbetalingsjoernaal	R11 380

3. 'n Vergelyking van die bankstaat vir September 2014 met die kontantjoernale vir September 2014 en die Bankversoeningstaat op 31 Augustus 2014, het die volgende verskille aan die lig gebring:

   - Tjek nr. 158 was vir betaling aangebied op 12 September 2014.
   - Tjek nr. 163 was uitgereik aan Lotus Sopkombuis as 'n donasie. Die sopkombuis het sedertdien gesluit en die tjek moet gekanselleer word.
   - 'n Deposito van R825 verskyn in die bankstaat van 1 September 2014, maar nie in die kontantjoernale vir September 2014 nie.

4. Geen inskrywing is gemaak vir tjek nr. 171, R630, gedateer 11 Oktober 2014, uitgereik ten gunste van Ross Verspreiders vir voorraad aangekoop nie.

5. In die Kontantontvangstejoenaal was 'n inskrywing gemaak op 30 September 2014 vir 'n deposito van R1 730 wat nie op die bankstaat verskyn nie.

6. Tjek nr. 175, R350, uitgereik aan Mandla Winkels, het in die pos verlore geraak. Die tjek is gestop en vervang met tjek nr. 179. Die inskrywings is gemaak, maar die tjek is nog nie by die bank aangebied vir betaling nie.

7. 'n Tjek, deur debiteur N Schultz getrek, is deur die bank gedishonoreer weens onvoldoende fondse. Die tjek was ter vereffening van sy skuld van R275 ontvang. Korting van R25 is aan Schultz toegestaan.

8. Tjek nr. 183 vir R450, uitgereik aan Sipho Verspreiders, verskyn op die bankstaat. Die tjek was egter as R540 aangeteken in die Kontantbetalingsjoernaal.

9. 'n Huurder, M Thidise, het sy huur vir September 2014 direk in die lopende bankrekening gedeponeer, R1 200.

10. Bankkoste en rente ten bedrae van R400 is deur die bank gehef.

11. 'n Deposito van R1 400 verskyn op die bankstaat. Dit is foutiewelik in die onderneming se rekening aangeteken. Die bank sal hulle fout regstel.

12. Op 30 September 2014 toon die bankstaat 'n kredietsaldo van R4 245.

DEBITEUREVERSOENING EN INTERNE KONTROLE

1.2 KUNENE HANDELAARS

Kunene Handelaars verkoop lampskerms vir kontant en op krediet. Hulle kredietterme is 30 dae, maar hulle begroot dat 80% van hulle debiteure die kredietterme sal nakom.

GEVRA:

1.2.1 Verduidelik kortliks waarom die saldo van die Debiteurekontrolerekening met die totaal van die Debiteurelys moet ooreenstem. (2)

1.2.2 Bereken die korrekte eindsaldo van die Debiteurekontrolerekening op 30 September 2014. (5)

1.2.3 Stel 'n korrekte debiteurelys van Kunene Handelaars op 30 September 2014 op. Toon alle berekeninge. (12)

1.2.4 Bestudeer **inligting 1 en 2** hieronder en beantwoord die volgende vrae.

(a) Het Kunene Handelaars effektiewe beheer oor hulle debiteure? Verduidelik deur syfers aan te haal om jou antwoord te motiveer. (3)

(b) Noem TWEE maatreëls wat 'n maatskappy kan instel om debiteure aan te moedig om hulle rekeninge volgens die terme te vereffen. (4)

INLIGTING:

1. Debiteure-ouderdomsanalise vir Augustus 2014.

Totaal	Lopend	3 dae	60 dae	90 dae
R187 500	R33 700	R26 300	R72 600	R54 900

2. Saldo's volgens die Debiteurelys op 30 September 2014:

Debiteure	Bedrag verskuldig	Kredietlimiet
M Sloane	R 46 500	R 30 000
K Jadey	31 800	35 000
S Mtumi	27 000	30 000
C Dancer	63 200	40 000
P Rashid	8 600	10 000
TOTAAL	177 100	

3. Saldo van die Debiteurekontrolerekening op 30 September 2014, R167 500.

4. Die volgende foute en weglatings is ontdek en moet reggestel word:

   (a) Die Debiteurejoernaal is met R4 100 te min opgetel.

   (b) Goedere op krediet verkoop aan P Rashid is verkeerdelik op K Jadey se rekening aangeteken, R7 600.

   (c) Afslag vir beskadigde goedere gelewer aan M Sloane, R1 400, was oorgeboek na die verkeerde kant van sy rekening.

   (d) 'n Faktuur uitgereik aan S Mtumi vir R2 300 is nie in die boeke van Kunene Handelaars opgeteken nie.

   (e) 'n Tjek vir R8 700, ontvang van P Rashid ter vereffening van 'n faktuur van R9 000, is deur die bank geweier weens onvoldoende fondse. Geen inskrywing is hiervan gemaak nie.

   (f) Goedere, op krediet verkoop aan C Dancer vir R4 700, was korrek aangeteken in die Debiteurejoernaal, maar is in die Debiteuregrootboek as R7 400 na die rekening van C. Dancer oorgeboek.

50

VRAAG 2: VERVAARDIGING (45 punte; 25 minute)

2.1 DIE SKOENFABRIEK

Jy word voorsien van inligting rakende **DIE SKOENFABRIEK** vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2014. Dit is 'n vervaardigingsonderneming wat spesialiseer in die produksie van handgemaakte leerskoene. Hulle vervaardig die skoene en verkoop dit dan teen 'n 100% winsopslag op kosprys.

GEVRA:

Stel die volgende op vir die jaar geëindig 28 Februarie 2014:

2.1.1 Nota vir Direkte Grondstofkoste (6)

2.1.2 Nota vir Fabrieksbokoste (14)

2.1.3 Produksiekostestaat op 28 Februarie 2014 (11)

INLIGTING:

1.

Saldo's	**28 Feb 2014**	**1 Maart 2013**
Grondstofvoorraad	403 650	R 464 000
Goedere-in-bewerkingvoorraad		44 000
Klaarprodukte-voorraad	57 000	48 000
Verbruiksgoedere voorhande: Fabriek	10 600	22 400
Fabrieksaanleg en Toerusting teen kosprys		1 100 000
Opgelope waardevermindering op fabrieksaanleg en toerusting		380 000

2. **Opsomming van transaksies vir die jaar geëindig 28 Februarie 2014:**

Aankoop van grondstof		R 990 000
Vraggeld op die aankoop van grondstof		85 000
Aankoop van verbruiksgoedere vir die fabriek		57 200
Terugsendings van verbruiksgoedere aangekoop vir die fabriek		5 200
Aankoop van skoonmaakmiddels (administrasie)		8 800
Aankoop van fabriekstoerusting (1 September 2013)		400 000
Produksielone		908 000
Salarisse:	Fabrieksbestuurder	180 000
	Administrasie	320 000
	Verkoopspersoneel	200 000
Versekering (verkoops- en administratiewe afdeling)		17 400
Water en elektrisiteit		285 200
Diverse uitgawes:	Fabriek	205 000
	Administrasie	65 000

3. **Notas en aansuiwerings:**

3.1 Geen inskrywing is vir die vervoer van grondstof deur BB Afleweraars na die fabriek gemaak nie, R5 000.

3.2 Gedurende die fisiese voorraadopname van grondstowwe op 28 Februarie 2014 is 'n berekeningsfout gemaak. Tienduisend (10 000) artikels wat 80c elk kos, was teen R8 elk op die voorraadlyste in berekening gebring. Stel die fout reg.

3.3 Die volgende inligting aangaande produksielone vir die laaste week van Februarie 2014 verskyn in die loonjoernaal:

Bruto lone		R45 800
Aftrekkings:	Werkloosheidversekeringsfonds	458
	Pensioenfonds	3 664
	LBS	9 160

Die werkgewer dra op 'n rand-vir-rand basis by tot die pensioenfonds en die werkloosheidsversekeringsfonds.

3.4 Sestig persent van al die water en elektrisiteit word in die fabriek gebruik. 'n Bedrag van R24 000 was nog uitstaande op die totale rekening vir Februarie 2014.

3.5 Ingesluit by die Diverse fabrieksuitgawes is 'n deposito wat betaal is vir die huur van fabriekstoerusting, R5 000.

3.6 Waardevermindering op die fabrieksaanleg en toerusting moet in berekening gebring word teen 10% per jaar op die verminderde saldo-metode.

3.7 Sewentig persent van die totale bedrag van versekering is vir die fabriek. Die oorblywende gedeelte word verdeel tussen die verkoops- en administratiewe afdeling.

3.8 'n Totaal van 2 462 paar skoene was geproduseer teen 'n eenheidskoste van R1 200.

2.2 NET GESKENKE

Die Selati Familie besit Net Geskenke. Hulle vervaardig en verpak kwaliteit geskenkpakke vir spesiale geleenthede en lewer dit by hulle kliënte af. Die finansiële jaar eindig op 31 Oktober.

GEVRA:

2.2.1 Verduidelik die verskil tussen *vaste koste* en *veranderlike koste*. (4)

2.2.2 Bereken die volgende:

(a) Totale vaste koste
(b) Veranderlike koste per eenheid (4)

2.2.3 Bereken die gelykbreekpunt. Kan die onderneming tevrede wees met hul huidige produksie van 18 000 eenhede? Verduidelik. (6)

INLIGTING:

1. Die onderneming het 18 000 geskenkpakke gedurende die jaar vervaardig en verkoop.
2. Die verkoopprys van elke geskenkpak is R231.
3. Die volgende kostes is vir 2014 geïdentifiseer:

Koste	Totaal	Eenheidskoste
	R	R
Primêre koste	1 242 000	69,00
Direkte grondstofkoste	738 000	41,00
Direkte arbeidskoste	504 000	28,00
Fabrieksbokoste	342 000	?
Verkoops- en verspreidingskoste	?	32,10
Administratiewe koste	198 000	16,50

45

VRAAG 3

MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE **(60 punte; 35 minute)**

3.1 Kies die korrekte woorde om die onderstaande sinne te voltooi.

bedryfskapitaal, finansiële bate, gekwalifiseerde, bedryfsuitgawe, kontant en kontantekwivalente, bedryfswins, geleende kapitaal, finansieringskoste, ongekwalifiseerde.

3.1.1 Die verskil tussen bedryfsbates en bedryfslaste word na verwys as ...

3.1.2 Die ouditverslag lui: "Met uitsondering van 'n paar aspekte, kan aandeelhouers die syfers op die finansiële state vertrou." Hierdie word beskou as 'n ... verslag.

3.1.3 Rente op die oortrokke bankrekening word geklassifiseer as 'n ....

3.1.4 'n Vaste deposito wat in die komende finansiële jaar verval, word beskou as deel van die ... in die Balansstaat. (4)

3.2 **JOYCO BEPERK**

Die finansiële jaar van Joyco Beperk eindig op 30 Junie.

Die rekenmeester van Joyco Beperk het die jaareind-aansuiwerings in ag geneem en die netto wins voor belasting as R830 000 bereken. Daar is egter ontdek dat nie al die aansuiwerings gemaak is voordat die netto wins voor belasting bereken is nie.

GEVRA:

3.2.1 Bereken die korrekte netto wins na belasting vir die jaar geëindig 30 Junie 2014. (19)

3.2.2 Voltooi die Laste-afdeling van die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op 30 Junie 2014. Waar notas nie gevra word nie, moet berekeninge in hakkies getoon word ten einde deelpunte te verdien. (13)

3.2.3 Stel die volgende notas tot die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op:

(a) Gewone aandelekapitaal (11)
(b) Behoue inkomste (13)

INLIGTING:

1. Die volgende uittreksel is geneem uit die lys van saldo's wat in die grootboek van Joyco Beperk verskyn het op 30 Junie 2014, voordat enige addisionele aansuiwerings en inligting in ag geneem is.

Gewone aandelekapitaal	?
Behoue inkomste (1 Julie 2013)	R310 000
Toerusting	350 000
Opgelope waardevermindering op toerusting	145 000
Handelsvoorraad	132 000
Debiteurekontrole	36 000
Voorsiening vir oninbare skulde	1650
Bank (Dt.)	550 000
Opgelope Inkomste	
SAID: Inkomstebelasting (Dt.)	242 800
Krediteurekontrole	
Vooruitontvange Inkomste	
Opgelope uitgawes	
Lening: Zorro Bank @ 15 % p.j. (1 Junie 2014)	280 000

2. Die volgende aansuiwerings en addisionele inligting is nie in berekening gebring nie:

   (a) Volgens die wins-en-verliesrekening beloop die versekering R27 000. Hierdie bedrag sluit 'n jaarlikse premie van R7 200 in wat op 1 November 2013 betaal is.

   (b) Handelsvoorraad, R28 000, is in 'n brand beskadig wat in die pakkamer uitgebreek het. Die versekeringsmaatskappy het die eis aanvaar en sal 80% van die eis dek. Hierdie bedrag sal gedurende Julie 2014 ontvang word. Skryf die res af.

   (c) Die voorsiening vir oninbare skuld moet aangesuiwer word tot 4% van die uitstaande debiteure.

   (d) In die wins-en-verliesrekening beloop die bedrag vir Huurinkomste R91 300. Die rekenmeester het nie in ag geneem dat die huurder reeds die huur vir Julie 2014 vooruit betaal het nie. Die huur het op 1 Februarie 2014 toegeneem met R700 per maand.

(e) Rente op die lening vir die laaste maand is nog uitstaande. Rente word gekapitaliseer. Die onderneming beplan om die lening met R40 000 in die volgende finansiële jaar te verminder.

(f) Wins met die verkoop van 'n bate gedurende die jaar, R14 500, is as 'n verlies in die wins-en-verliesrekening aangeteken.

(g) Inkomstebelasting vir die jaar beloop R247 800.

(h) Die bankversoeningstaat op 30 Junie 2014 toon 'n uitstaande tjek van R1 500, gedateer 15 Augustus 2014. Hierdie tjek was aan 'n krediteur uitgereik.

(i) Aandelekapitaal:

- Op 1 Julie 2013 het die gewone aandelekapitaal R2 400 000 beloop.
- 60 % van die gemagtigde aandelekapitaal van 500 000 aandele was uitgereik.
- Op 31 Julie 2013 het die direkteure addisionele 100 000 aandele teen R8,20 uitgereik.
- Op 10 Januarie 2014 het die direkteure besluit om 70 000 aandele uit die boedel van 'n afgestorwe aandeelhouer teen R8,60 per aandeel terug te koop. Die transaksie was suksesvol afgehandel, maar geen inskrywing is daarvoor gemaak nie.

(j) Dividende: Op 1 Desember 2013 is 'n tussentydse dividend van 50 sent per aandeel verklaar en betaal. 'n Finale dividend van 70 sent per aandeel is op 30 Junie 2014 verklaar.

60

VRAAG 4

KONTANTVLOEI EN ONTLEDING VAN VERHOUDINGS **(75 punte; 50 minute)**

Die inligting hieronder is geneem uit die boeke van Nandipwe Bpk. Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg.

GEVRA:

4.1 Pas **Kolom A** by die mees geskikte BESKRYWING of antwoord in **Kolom B**. Skryf slegs die letter uit Kolom B in die antwoordboek neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Opbrengs op Aandeelhouersbelang	A	Likiditeit
4.1.2	Langtermyn kredietverskaffers	B	Voorbereiding van finansiële state
4.1.3	SAID	C	Stel belang in die winsgewendheid van die maatskappy.
4.1.4	Bedryfsbates: Bedryfslaste	D	Verleen geloofwaardigheid aan die finansiële state in die globale ekonomie.
4.1.5	IFRS	E	Solvensie
		F	Rentekoerse aangebied deur banke

(5)

4.2 Stel die versoening tussen netto wins voor belasting en kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite op. (Toon berekeninge in hakies.) (15)

4.3 Voltooi die 'Kontantvloei uit Bedryfsaktiwiteite'-afdeling van die Kontantvloeistaat. (7)

4.4 Voltooi die 'Kontantvloei uit Beleggingsaktiwiteite'-afdeling van die Kontantvloeistaat. (7)

4.5 Voltooi die 'Kontantvloei uit Finansieringsaktiwiteite'-afdeling van die Kontantvloeistaat. (9)

4.6 Identifiseer DRIE maniere waarop die terugbetaling van die lening en die toename in vaste bates gefinansier is. (3)

4.7 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 30 Junie 2014:

4.7.1 Netto batewaarde per aandeel (NBW) (4)

4.7.2 Skuld/Ekwiteitsverhouding (3)

4.7.3 Opbrengs op aandeelhouersbelang. (5)

4.8 Met verwysing na die lening en die terugbetaling daarvan:

- Dink jy dit was 'n goeie idee om so 'n groot gedeelte van die lening terug te betaal?
- Verduidelik kortliks jou bevindinge met verwysing na TWEE finansiële aanwysers. Noem en haal syfers aan ter verduideliking. (9)

4.9 Maak TWEE opmerkings oor die netto batewaarde per aandeel vir 2014. Maak gebruik van finansiële aanwysers of syfers om jou mening te staaf. Die aandeelhouers op die AJV was nie gelukkig met die daling in die aandeelprys op die JEB oor die laaste twee jaar nie. Gee 'n moontlike rede vir die afname. Maak 'n aanbeveling aan die direkteure om die probleem reg te stel. (8)

INLIGTING:

1.

UITTREKSEL UIT DIE BALANSSTAAT (Staat van Finansiële Posisie) OP 30 JUNIE 2014		
	2014	**2013**
BATES		
NIE-BEDRYFSBATES		
Vaste bates	979 440	814 800
Finansiële bates	130 000	190 000
BEDRYFSBATES		
Voorraad	1 125 000	1 145 000
Handels- en ander ontvangbares	1 115 000	1 143 000
KAPITAAL EN RESERWES		
GEWONE AANDEELHOUERSBELANG	2 499 900	1 085 100
Gewone aandelekapitaal	2 375 000	1 000 000
Behoue inkomste	124 900	85 100
BEDRYFSLASTE		
Handels- en ander betaalbares	1 150 940	1 070 800

2. **Notas tot die Balansstaat**
(Staat van Finansiële Posisie)

		2014	2013
1.	VASTE BATES	979 440	814 800
	Grond en Geboue	900 000	750 000
	Toerusting (boekwaarde)	79 440	64 800
2.	HANDELS EN ANDER ONTVANGBARES	1 115 000	1 143 000
	Debiteurekontrole	1 102 000	1 130 000
	Opgelope Inkomste	9 000	6 000
	Vooruitbetaalde uitgawes	4 000	3 000
	SAID: Inkomstebelasting	0	4 000
3.	HANDELS EN ANDER BETAALBARES	1 150 940	1 070 800
	Krediteurekontrole	1 043 565	1 047 300
	Opgelope uitgawes	7 000	9 500
	SAID: Inkomstebelasting	10 375	0
	Aandeelhouers vir Dividende	260 000	14 000

3. **ADDISIONELE INLIGTING:**

3.1 Gewone aandelekapitaal:

- 1 Julie 2013: 100 000 aandele uitgereik @ R10 elk
- 1 Januarie 2014: 100 000 nuwe aandele uitgereik @ R15
(Hierdie aandele kwalifiseer nie vir tussentydse dividende nie)
- 30 Junie 2014: 10 000 aandele teruggekoop @ R15

3.2 Waardevermindering:

- Totale waardevermindering vir die jaar beloop R16 645.

3.3 Verkoop van toerusting

Besonderhede van toerusting teen drawaarde verkoop:

Kosprys	R40 000
Opgelope waardevermindering tot datum verkoop	R20 570
Datum verkoop	1 April 2014
Verkoopprys	?

3.4 Inkomstebelasting

- Inkomstebelasting teen 28% van die netto wins vir die jaar beloop R165 200.

3.5 Dividende

- Die tussentydse dividend van 100 sent per aandeel was op 15 Januarie 2014 verklaar en betaal. Die finale dividend is op 30 Junie 2014 verklaar.

3.6 Die leningstaat van Mula Bank op 30 Junie 2014 toon:

Saldo aan begin van finansiële jaar	R1 070 000
Betalings gedurende die jaar (rente ingesluit)	840 000
Rente gekapitaliseer (rentekoers 15% p.j.)	?
Saldo aan einde van finansiële jaar	350 000

3.7 Finansiële aanwysers:

	2014	2013
% opbrengs op aandeelhouersbelang	?	59%
% opbrengs op kapitaal aangewend	28,4%	18%
Netto batewaarde per aandeel	?	1195c
Markprys van aandeel op JEB	1117c	1600c
Skuld/Ekwiteitsverhouding	?	1 : 1

75

VRAAG 5

KONTANTBEGROTING EN INTERNE KONTROLE **(40 punte; 25 minute)**

Jy word voorsien van inligting aangaande Manyana Wired Bpk. Die onderneming verkoop elektriese toebehore teen kosprys plus 80%. Voorraad word maandeliks vervang.

GEVRA:

5.1 Die volgende twee stellings is foutief. Skryf die stelling korrek oor.

5.1.1 'n Kontantbegroting is 'n finansiële staat wat die werklike inkomstes en uitgawes vir 'n spesifieke tydperk aantoon. (3)

5.1.2 'n Kontantbegroting word opgestel om die wins of verlies te bereken. (3)

5.2 Bereken die volgende:

5.2.1 Invorderings vanaf Debiteure vir September 2014. (Debiteure-invorderingskedule) (5)

5.2.2 Betalings aan Krediteure vir September 2014. (2)

5.3 Voltooi die Kontantbegroting vir die tydperk 1 Augustus 2014 tot 30 September 2014. (17)

5.4 Bestudeer die kontantbegroting en identifiseer TWEE belangrike probleme. Verduidelik kortliks die gevolge van elke probleem wat jy geïdentifiseer het en verskaf moontlike oplossings vir die probleme. (10)

INLIGTING:

1.

Bedrae geneem uit die boeke	Werklik		Begroot	
	Junie	Julie	Augustus	September
Verkope	121 500	102 600	110 700	97 200
Aankope	67 500	57 000		
Advertensies	3 700	3 600		
Salaris – bestuurder	14 000	14 000		
Lone – 3 winkelassistente	15 000	15 000		

2. 75% van alle verkope is op krediet en 25% is vir kontant. Dit word verwag dat debiteure hulle skuld soos volg sal betaal:

   - 60% in maand wat volg op die maand van verkope.
   - 36% in die tweede maand wat volg op die maand van verkope.
   - 4% sal afgeskryf word as oninbaar.

3. Alle aankope is op krediet en sal betaal word na 30 dae, onderhewig aan 5% korting.

4. Bedryfsuitgawes beloop jaarliks R99 000 en word in gelyke maandelikse paaiemente betaal.

5. Nuwe toerusting van R82 000 sal gedurende September 2014 aangekoop word. 40% hiervan sal in kontant betaal word.

6. Water en elektrisiteit beloop R3 000 per maand en dit sal na verwagting met R300 in September toeneem.

7. Salarisse en lone word elke jaar in Augustus hersien. Die salaris van die bestuurder sal met 8% styg op 1 September 2014. Weens die swak ekonomiese omstandighede in die land, is die eienaar van mening dat 'n styging in lone nie bekostigbaar is nie.

8. Die eienaar beplan om 'n toer deur Afrika te onderneem gedurende September en wil dan R45 000 onttrek. Hierdie bedrag is R15 000 meer as sy gewone maandelikse onttrekkings.

9. Die bankrekening toon 'n gunstige saldo van R35 200 op 31 Julie 2014.

40

VRAAG 6: VOORRAADWAARDASIES (30 punte; 15 minute)

Jy is aangestel as rekenmeester by Koel Handelaars (Edms.) Bpk.

Koel Handelaars (Edms.) Bpk. verkoop een grootte lugversorgingseenheid wat hulle uit China invoer. Lugversorgers word ingevoer en betaal in VSA dollar. Koel Handelaars gebruik die Periodieke voorraadstel en Geweegde Gemiddeldemetode van voorraadwaardasie sedert die begin van die finansiële jaar, 1 Julie 2013.

Die HUB (Hoof Uitvoerende Beampte) is bekommerd oor die uitwerking van wisselkoersveranderinge op sy finansiële resultate. 'n Vriend van hom het voorgestel dat hy eerder gebruik moet maak van die EIEU-metode wanneer hy sy boeke doen, aangesien dit Koel Handelaars (Edms.) Bpk. belasting kan bespaar.

Die HUB vra jou om vir hom 'n vergelyking voor te berei. Hy vra jou advies rakende die verandering na die EIEU-metode. Hy is ook bekommerd oor moontlike voorraadverliese. Hy verwag van jou om die omvang van jou vaardighede en verantwoordelikheid te toon.

GEVRA:

6.1 Bereken die waarde van die slotvoorraad deur gebruik te maak van die EIEU-metode van voorraadwaardasie. Die waarde van die slotvoorraad volgens die Geweegde Gemiddeldemetode is R756 750. (5)

6.2 Gebruik die EIEU-metode en bereken die Koste van verkope. (6)

6.3 Bereken die aantal voorraadeenhede wat vermis word. (5)

6.4 Die HUB is bekommerd oor die getal eenhede wat vermis word. Watter aanbevelings sal jy aan die HUB maak om die probleem rakende die vermiste eenhede aan te spreek? Verskaf TWEE goeie oplossings. (4)

6.5 Koel Handelaars gebruik die Periodieke Voorraadstelsel. Verduidelik kortliks aan die HUB hoe die Deurlopende Voorraadstelsel werk. Noem TWEE van die belangrikste voordele van die Deurlopende Voorraadstelsel in jou verduideliking. (4)

6.6 Die HUB het gevra dat jy die finansiële state voorberei gebaseer op die EIEU-metode. Sal jy toestem om aan hierdie versoek te voldoen? Verskaf 'n gedetailleerde verduideliking ter ondersteuning van jou antwoord. (4)

6.7 Watter ander metode van voorraadwaardasie kan Koel Handelaars gebruik? (2)

INLIGTING:

1.

VOORRAAD	Aantal eenhede	Eenheids-koste	Totale koste
Saldo – 1 Julie 2013 (invoerbelasting ingesluit)	20	R3 500	?
Saldo – 30 Junie 2014 (fisiese voorraadopname)	120	?	?
Aankope:	380		R1 930 000
▪ 1 Oktober 2013	160	R4 000	R640 000
▪ 1 Januarie 2014	140	R5 500	R770 000
▪ 1 April 2014	80	R6 500	R520 000

2. Invoerbelasting, R1 375 per eenheid (onveranderd vir die jaar)

3. Vraggeld op verkope, R1 500 (onveranderd vir die jaar)

4. Verkope vir die jaar, R2 064 000 (258 eenhede)

30

TOTAAL: 300

EINDE